# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**JUNIE 2022**

**EKSAMEN**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 70**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *10* bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Roman
   AFDELING B: Drama

3. Beantwoord AL die vrae.

   **AFDELING A: ROMAN**

   Beantwoord die vrae oor die roman, ***Lien se lankstaanskoene***, (hoofstuk 1 – 10) wat julle bestudeer het.

   **AFDELING B: DRAMA**

   Beantwoord die vrae oor die drama, ***Paljas***, wat julle bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Voorgestelde tydsindeling: Gebruik ongeveer 60 minute per afdeling.

8. Skryf netjies en leesbaar.

**STERKTE!!**

**INHOUDSOPGAWE**

Kies **TWEE** afdelings


| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. Kringe in 'n Bos | 35 | |
| 2. Die ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom | 35 | |
| 3. Meeulanders | 35 | |
| 4. Lien se lankstaanskoene | 35 | 4 |
| | | |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. Poppie – Die Drama | 35 | |
| 6. Paljas | 35 | 7 |
| 7. Fiela se kind – Die Drama | 35 | |
| | | |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Van Precious: 'n Buisie salf" | 35 | |
| 8.2 "Roep van die vleikuiken" | 35 | |
| | | |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Boekmerk" | 18 | |
| 9.2 "Die Boodskapper" | 17 | |

**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE*** (Derick van der Walt)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

Die vroue in die kombuis mompel onder mekaar.
“Auk,” sê die een. “Sy is altyd kwaad, kwaad, kwaad.”

Lien probeer uit die tannie se pad bly en gaan deur die ritueel soos wat sy gister gedoen het: spyskaarte uitdeel, bestellings neem en glimlag totdat haar mondhoeke pyn.

Agnes vertel haar in die verbygaan dat Sophie net Dinsdae en Donderdae werk. Sy swot iets by ‘n kollege in die stad en het die res van die week klas.

Teen halfvyf bereken Lien sy het nie meer as R15 se fooitjies in haar voorskootsak nie. Daar was min mense en dié wat gegee het, het min gegee. Sy dink moedeloos aan die leë yskas en die prys van ‘n vliegtuigkaartjie wat al verder buite haar bereik lyk.

Sy wens half Wouter wil ‘n draai maak, maar sy dink nie hy sal kom ná haar tantrum by die skoolhek nie. Sy loop ingedagte kombuis toe met ‘n skinkbord vol leë koppies en bordjies. Toe sy die swaaideur oopstoot, kom Agnes met ‘n vaart uit die kombuis met ‘n volgelaaide skinkbord wat sy soos gewoonlik op haar hand hoog in die lug balanseer. Hulle tref mekaar met ‘n vaart en breekgoed en stukke koek spat in alle rigtings. Dis vir ‘n oomblik stil in die *coffee shop*. Mense sit skeef gedraai in hulle stoele om die petalje te bekyk.

Lien en Agnes maak verbouereerd glasstukke bymekaar.
“O vrek,” sê Agnes angstig. “Nou gaan die hel losbreek...”
Lien sien onderlangs dat tant Malie besig is om ‘n vrou by die kasregister te help. Hulle staan vir Lien en Agnes en kyk.

“Oeps,” hoor sy tant Malie sê.

4.1 Gee die naam van die plek waar Lien in die uittreksel werk. (1)

4.2 Gee TWEE redes waarom dit so belangrik vir Lien is om geld in te kry. (2)

4.3 Lien geniet haar werk baie by hierdie plek in vraag 4.1.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

4.4 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (4.4) neer.

Malie Dry was ‘n baie ___ tipe werkgewer.

A. vriendelike en tegemoedkomende
B. lui en traak-my-nie-agtige
C. onverdraagsame en kwaai
D. onbeskofte en onvriendelike (1)

4.5 In enige roman is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A-E) langs die vraagnommers (4.5.1 tot 4.5.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.5.1 Lien se ma is ‘n alkoholis. | A. Lien besluit om na die oudisie vir die skoolopvoering te gaan. |
| 4.5.2 Tant Malie verwag dat Lien en Agnes haar vergoed. | B. Lien vererg haar bloediglik en loop aspris die volgende oggend vroeg. |
| 4.5.3 Wouter het die juffrou se kant gekies. | C. Sy sorg glad nie meer vir haar kinders nie. |
| 4.5.4 Lien besluit om alles te doen om Wouter se vriendskap te behou. | D. Lien skree op haar en loop uit. |
| | E. Lien voel dis onregverdig en sy bedank. |

(4)

4.6 Noem EEN ding wat die volgende mense doen om hulle omstandighede te hanteer:

4.6.1 Lien

4.6.2 Braam

4.6.3 Christien (3)

4.7. Hoe het Lien haar ma beskryf as sy te veel gedrink het? (1)

4.8 Lien het na die oudisie gegaan.

4.8.1 Wat was die naam van die toneelstuk? (1)

4.8.2 Vir watter rol moes Lien lees? (1)

4.8.3 Hoekom was hierdie rol so moeilik? (1)

4.9 Kies die korrekte woord in die paragraaf en skryf dit neer.

Millenium Creations is ‘n (kroeg/klerewinkel/haarsalon). (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

“Wat doen jou ma-hulle?” probeer Lien geselskap maak tussen die etery deur.

“My ma is ‘n sepie-slaaf,” sê Miemie terwyl sy al kouend deur die venster kyk. ‘n Vrou en twee dogtertjies is besig om sakke vol kruideniersware in ‘n motor se bagasiebak te laai. Een van die dogtertjies huil onophoudelik. “Sy het ‘n meestersgraad in toegepaste wiskunde, maar sy het nog nooit in haar lewe gewerk nie. My pa wil nie hê sy moet nie. Nou kyk sy sepies. As sy klaar is met die sepies, kyk sy na die *cooking channel* op DStv. Die grap is dat sy nooit kos maak nie. Ons het ‘n voltydse kok. Sy is effens ... hoe sal ek sê ... ‘n bietjie verveeld, sy sit maar net in die huis rond.” Miemie lag haar *weird* laggie.

“My pa het sy eie *company* in Johannesburg. IT en sulke goed. Hy maak baie geld, maar hy is min by die huis. Hy is bietjie van ‘n drip,” sê sy ingedagte terwyl sy nog steeds die ma met haar huilerige dogtertjie dophou. “As hy by die huis is, sit hy in sy studeerkamer en bou modelvliegtuigies. Soos ‘n blerrie kind. Dan drink hy whiskey en luister kliphard na Pink Floyd.”

Miemie vat ‘n slukkie van haar Coke.

“Nie vir my nie, dankie,” sê sy en beduie na die huilerige dogtertjie buite op die parkeerterrein. “Ek kan nie dink dat vroue vir ‘n paar snotneusies *settle* nie. Dis hoekom ek regte wil doen. Ek wil die arme goed help om ‘n lewe te kry. Hóé weet ek nog nie, maar regte klink vir my *the way to go*.”

4.10 Lien en Miemie sit en eet.

4.10.1 Waar sit Lien en Miemie en eet? Gee die naam van die plek. (1)

4.10.2 Wat vier Lien en Miemie? (1)

4.11 Miemie se ma vermors al haar talente.

4.11.1 Stem jy saam met hierdie stelling?

4.11.2 Verduidelik waarom jy so sê. (1)

4.12 Voltooi die volgende paragraaf deur elke keer net EEN WOORD in te vul. Skryf net die KORREKTE woord langs die vraagnommers (4.12.1 tot 4.12.5) neer.

Lien en Miemie se ouers kan met mekaar vergelyk word, want hulle het altwee (4.12.1) ___ ouers. Miemie se ma kyk heeldag (4.12.2) ___ terwyl Lien se ma heeldag (4.12.3) ___. Dit irriteer Miemie verskriklik dat haar pa in sy kantoor sit en (4.12.4) ___ (twee woorde)__. Lien sê gereeld vir haar pa in haar gedagtes “Ek (4.12.5) ___ jou!” (5)

4.13.1 Kies die korrekte woord en skryf dit dan neer.

Miemie wil eendag vir (vroue werke/vroue regte) baklei. (1)

4.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.13.1 deur hierdie gevoel van Miemie te verduidelik. (1)

4.14 Na watter funksie wil Wouter graag hê hy en Lien moet gaan? (1)

4.15 Gee twee redes waarom Lien nie na die funksie toe wil gaan nie. (2)

4.16 Noem TWEE take wat Lien by Millenium Creations moet verrig. (2)

4.17 "Ek voel sleg omdat jy kos koop met jou geld," sê haar ma...

Waarom kan ons sê dat haar ma se woorde ironies is? (1)

4.18 Braam en Deon speel op Deon se playstation in hulle woonstel wanneer Lien by die huis kom.

4.18.1 Hoekom is Lien so verbaas hieroor? (1)

4.18.2 Noem een van die moontlike probleme wat kan opduik terwyl Deon daar is. (1)

**TOTAAL AFDELING A: [35] PUNTE**

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord die vraag oor die DRAMA wat jy bestudeer het.

**VRAAG 6: PALJAS - Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

68. Die nar en klein Willem is in die skuur bymekaar. Hulle sit op 'n kol waar die son skyn. Die nar is in gewone klere. Hy is besig om Willem met sy hoender-konsert te probeer liemaak. Hy kloek en hy skrop en hy kekkel.

Die kind sit net strak en kyk.

NAR (*uiteindelik*): Oukei, jy wil nie vandag lag nie. Dis oukei. (*Die kind kyk weg*.) Wat is dit wat pla? (*Die kind skud sy kop*). Jy kan maar vir my vertel. Ek sal vir niemand sê nie. (*Die kind sit net voor hom en kyk*). Wil jy vir my skryf? (*Hy hou 'n potlood na Willem toe*). Tóé, skryf. (*Daar begin nou trane oor Willem se wange loop, maar sy gesig bly uitdrukkingloos*). Nee-nee-nee-nee-nee-nee. Nie trane nie. Die lewe is te kort vir trane. Ons speel liewer. Speel is altyd beter as trane. Altyd. (*Die nar voel in sy sakke rond en haal 'n grimeerpotlood uit. Hy verf twee groot boë bokant Willem se oë*.) Kom. Kom ons teken iets. (*Hy soek in sy broeksak en haal 'n ander kleur uit. Hy verf Willem se mond*.) Kom ons teken die trane weg. Ons vee die ou Willem uit en ons teken 'n nuwe Willem.

6.1 Hoekom voel Willem so ontsteld? (1)

6.2 By wie het Willem gaan troos soek? Gee die persoon se naam. (1)

6.3 In watter deel van ons land woon hierdie mense? (1)

6.4 Manuel het vir Willem gevra om huis toe te gaan.

Bespreek Willem se innerlike konflik toe Manuel vir hom gevra het om huis toe te gaan. Verwys na albei kante van die konflik. (2)

6.5 Die volgende stelling is ONWAAR. Verduidelik hoekom.

Hendrik het vir Willem op die stoep gekry. (1)

6.6 Die aand toe Willem weg was, het Katrien en Hendrik vir die eerste keer weer gekommunikeer.

6.6.1 Waar is die eerste stasie waar Hendrik gewerk het? Gee die naam. (1)

6.6.2 Waarom, volgens Hendrik, het hulle van stasie na stasie getrek? (1)

6.6.3 Vul die ontbrekende woorde in die oop spasies in. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Katrien het besef Hendrik was al die tyd (a)___. Dit is hoekom hulle nou op 'n baie klein stasietjie, genoem (b)___, sit. (2)

6.7 Pas die naam in KOLOM B by die inligting in KOLOM A. Skryf net die letter (A-E) langs die vraagnommer (6.7.1 – 6.7.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.7.1 "Ek is klaar gesukkel" | A. Nollie |
| 6.7.2 "maar jy koop oorbelle" | B. Frans |
| 6.7.3 "Ek sal jou handdoek vir jou aangee" | C. Emma |
| 6.7.4 "Die enigste nôie wat ek ooit wou hê is klaar getroud." | D. Katrien |
| | E. Hendrik |

(4)

6.8 Watter stories het die dorpsmense oor Willem versprei omdat hy nie kon praat nie? (1)

6.9.1 Kies die korrekte antwoord en skryf net die woord neer.

Jan Mol het gesê die McDonalds is betrokke met (spoke oproep/satanisme). (1)

6.9.2 Gee een rede waarom Jan Mol dít geglo het. (1)

6.10 Na aanleiding van al die skinderstories, het die McDonalds 'n besoeker gekry. Wie het hulle besoek? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

142. Drie, vier motors kom op die werf aan. Hulle ry stadig. Hulle hou langs mekaar stil – hulle kopligte verblindend op die huis. Hendrik verskyn op die werf. Hy staan vir die motorligte en kyk. Katrien kom tot langs hom, met Emma en Nollie agter hulle op die stoep.

HENDRIK: Gaan in die huis in, Katrien. Julle almal.

Die motorligte word een na die ander afgeskakel. Dis Sakkie du Toit wat eerste uit sy motor klim. Nog twee motors kom aan en hou stil. Ouderling Bothma klim uit ‘n tweede motor en Thys Briekman uit die derde motor. Ander mense bly in die motors sit. Hendrik kom nader. Die drie mans stap na hom toe. Nog ‘n motor hou stil.

HENDRIK: Naand ...

Katrien en Emma-hulle gee nie pad nie. Hulle staan en kyk.

OUDERLING BOTHMA: Naand, Hendrik.
Hulle kom tot by hom. Hulle lyk ongemaklik.
HENDRIK: Kan ek help?
SAKKIE: Ons het maar net kom sê ons is jammer oor daardie spul. Dit was nie nodig nie.
HENDRIK: Ag, nee wat. Kyk. (*Hy hou sy arms oop*.) Ons makeer niks.
OUDERLING BOTHMA: Die mense het begin ry anderkant. Die dans is in sy kanon in.
HENDRIK: Kom in. Kom sit. Ek was juis van plan om ‘n knertsie in te gooi.
SAKKIE: Die vrouens sit in die kar.
HENDRIK: Nou bring hulle. Bring hulle. Bring hulle.

6.11 ‘n Ruk voordat die mense in bogenoemde uittreksel die McDonalds besoek het, het Jan Mol iets verskrikliks aan die nar gedoen. Wat het hy gedoen? (1)

6.12 Katrien het vir die nar gesê hy het die “paljas” op Willem gesit. Verduidelik wat sy daarmee bedoel het. (1)

6.13 Verduidelik hoe die nar se “paljas” op

(a) Hendrik en Katrien (1)

(b) Emma gewerk het. (1)

6.14 Voltooi die paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Die McDonalds en Nollie was oppad na die jaarlikse (6.14.1) ___-dans. Emma en Katrien is albei deur (6.14.2) ___ gekomplimenteer. Hierdie dans het ontstaan toe die (6.14.3) ___ -boere baie geld gemaak het. Emma word deur (6.14.4) ___ vergesel. (4)

6.15 Hierdie drama beeld die lewe van die McDonalds uit.

Kies die struktuurelement in KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die antwoord (A-E) langs die vraagnommers (6.15.1 – 6.15.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.15.1 Die verhoudings in die gesin is herstel. | A. Hoogtepunt |
| 6.15.2 Die sirkustrein kom op die stasie aan. | B. Eksposisie |
| 6.15.3 Die McDonalds word deur die dorpsmense verneder. | C. Ontknoping |
| 6.15.4 Willem en die nar word goeie maats. | D. Motoriese moment |
| | E. Verwikkeling |

(4)

6.16 Die volgende stelling is WAAR. Verduidelik hoekom.

Die McDonalds het nie die slegte behandeling wat hulle by die dans gekry het, verwag nie. (1)

6.17 Hendrik sê vir almal om hulleself weer skoon te maak en Emma moet haar mooi maak. Hulle gaan maak asof niks gebeur het nie.

6.17.1 Hoe reageer Emma op Hendrik se woorde? (1)

6.17.2 Wat sê Emma sal nou altyd in hierdie huis gebeur? (1)

6.18 Hoe het die dorpsmense se houding teenoor die McDonalds aan die einde van die drama verskil van hulle houding aan die begin? (2)

**TOTAAL AFDELING B: [35] PUNTE**

**GROOTTOTAAL: [70] PUNTE**